

# Opsomming van die Gedragskode vir Leerders van Hoërskool Roodepoort

Dit word van leerders verwag om ten volle aan alle apekte van die **Gedragskode vir Leerders van Hoërskool Roodepoort** te voldoen. Enige oortreding van die **Gedragskode vir Leerders** sal tot demerietes in ooreenstemming met die **Gedragskode vir Leerders van Hoërskool Roodepoort** lei. Indien die geakkumuleerde demerietes van 'n leerder die kritiese minimumvlak van 30 bereik, sal dit tot formele detensie, of enige ander gepaste straf na goëddunke van die skool lei.

Daar word van leerders van Hoërskool Roodepoort verwag om hoflik en voorbeeldig in hulle optrede te wees. Niemand het die reg om op enige basiese -of menseregte van enige ander persoon by die skool inbreuk te maak nie.

## Daaglike werkswyse

Die skool begin stiptelik om 07:30 en eindig 14:00, Maandae tot Vrydae.

- ✓ Demerietes sal daaglik vir laatkommers toegeken word en ouers sal per sms in kennis gestel word.
- ✓ Die toegelate tyd vir klaswisseling word tot vyf minute beperk. Demerietes sal toegeken word indien 'n leerder nie na vyf minute in die klas is nie.
- ✓ Dit is verbode om die skoolterrein tydens amptelike skoolure te verlaat.
- ✓ Dit word van 'n leerder vereis om alle relevante studiematerial vir elke klas gedurende die dag by hom/haar te hê.
- ✓ Toegang tot sluitkassies sal beperk word tot voor skool, gedurende pouse en na skool.
- ✓ Leerders moet klasse, badkamers en die skoolterrein netjies en rommelvry hou.

## Reëls vir Kleredrag

Daar word van elke seun of dogter verwag om aan al die verskillende fasette van die **Reëls vir Kleredrag** te voldoen met begrip vir die seisoene van die jaar.

- ✓ Someruniform word gedurende die 1 ste , 3 de en 4 de kwartale (of soos aangekondig) gedra.
- ✓ Winteruniform word gedurende die 2 e kwartaal (of soos aangekondig) gedra.
- ✓ Dit is verpligtend om die skoolbaadjie na **ALLE** amptelike skoolfunksies, saalopeninge en as deel van die Winteruniform, te dra.
- ✓ **GEEN** sportdrag (**insluitend spanbaadjies en sweetpakbaadjies**) mag as deel van die skooluniform gedra word nie.

## Selfoonbeleid

Leerders word aangemoedig om selfone tuis te laat. Indien omstandighede egter wel sodanig is dat dit onvermydelik is om 'n selfoon saam te bring skool toe, geld die volgende reëlings:

- ✓ Die selfoon mag onder **geen omstandighede** tydens skoolure aangeskakel wees nie.
- ✓ Hoërskool Roodepoort aanvaar geen verantwoordelikheid vir die veilige bewaring van selfone nie.
- ✓ Hoërskool Roodepoort beskik nie oor die mannekrag om verlore selfone op die kringtelevisie beeldmateriaal na te speur nie.
- ✓ Indien enige selfoon of selfoontoerusting is tydens klastyd of met klaswisseling sigbaar, sal dit gekonfiskeer word en in die skoolkluis toegesluit word totdat 'n R100 boete betaal is.

## Verkorte Dissiplinêre Kode van Hoërskool Roodepoort

Die skool is 'n omgewing waar by uitstek leer en onderrig behoort plaas te vind. **Die Dissiplinêre Kode het ten doel om die onvervreembare basiese reg tot opvoeding te beskerm en om leerders te dissiplineer wat afgewyk het van die aanvaarbare standaard van gedrag.**

Die Dissiplinêre Kode word in drie onderafdelings verdeel met verwysing na die erns van oortredings:

i. **Kategorie A-oortredings:** (Lei slegs tot demeriete punte)

**Geringe oortredings** waarvoor **5 demerietes** toegeken word.

- bv. Laat vir skool of klas; huiswerk nie gedoen nie; kleredrag oortreding; onaanvaarbare gedrag in saal -of met vierkantopening; nie in besit van Roodie-visum nie; rook (sigarette); dobbel op skoolterrein; onaanvaarbare geraasvlak, ens.
- **Herhaalde Kategorie A-oortredings** sal tot Kategorie B-dissiplinêre aksie aanleiding gee.

ii. **Kategorie B-oortredings:** (Lei tot Interne Dissiplinêre aksie en skorsing)

**Ernstige oortredings** waarvoor **15 demeriete punte** toegeken word.

- bv. bunk klasse; boelie of intimidasie; klasontwrigting; rasse oortreding; aanhitsing en/of toeskouer by fisiese gevegte; aggressie teenoor personeel van Hoërskool Roodepoort; oneerlikheid, selfoongebruik tydens skoolure; vloek van personeel van Hoërskool Roodepoort; verkoop van handelsware op skoolterrein, ens.
- **Herhaalde Kategorie B-oortredings** sal tot Kategorie C-dissiplinêre aksie aanleiding gee.

iii. **Kategorie C-oortredings:** (Lei tot Eksterne Dissiplinêre aksie, skorsing en uitsetting)

**Baie ernstige oortreding** waarvoor **30 demeriete punte** toegeken word.

- bv. vandalisme; aanranding; pornografie; seksuele wangedrag; in besit van wapen of mes op skoolterrein; aggressor in fisiese geveg; diefstal; ontwrigting van detensieklas; afwesig van detensieklas; gebruik of in besit van alcohol op skoolterrein; gebruik en/of verkoop van verbode middels op skoolterrein; positiewe getoets vir enige verbode middel, ens.

Enige leerder wat 'n Kategorie B-oortreding begaan, word verbied om aan enige amptelike aktiwiteit van Hoërskool Roodepoort deel te neem vir die duur van die strafydperk wat vir die oortreding opgelê is.

Enige leerder wat 'n Kategorie C-oortreding begaan, word verbied om aan enige amptelike aktiwiteit van Hoërskool Roodepoort deel te neem vir die duur van die strafydperk wat vir die oortreding opgelê is **EN** verbeur die voorreg tot enige amptelike toekenning of prys deur Hoërskool Roodepoort.